Tjokkie WEEKBLAD

1 April 2021 Uitgawe: 8/1/2021

UIT DIE KANTOOR

Sport en wedstryde:
Volgens die nuutste direktiewe, soos gepubliseer in die Staatskoerant van 27 Maart 2021, mag die volgende aktiwiteite nou by skole onder streng veiligheidsmaatreëls en sonder toeskouers plaasvind:

- Alle sportwedstryde in skoolverband
- Liggaamsoefeninge
- Buite kurrikulêre aktiwiteite soos kore
- Interskool-, distrik- en provinsiale toernooie

Dit is goeie nuus, aangesien die kinders en afrigters nie meer kan wag dat rugby- en netbalwedstryde moet plaasvind nie. Ons wag egter vir meer riglyne oor hoe die ligas en wedstryde hanteer moet word. Intussen het ons reeds met kontaksessies en tentatiewe proewe begin met die oog op die saamstel van spanne. Sodra ons meer inligting ontvang het, sal dit na ouers gekommunikeer word.

PAASFEES
Daar is 2 versies waaraan ek die meeste dink tydens Paasfees:
Johannes 3:16
“God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.”
Romeine 5:8
“Maar God bewys Sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.”
Paasfees is die tyd wanneer ons dink aan Jesus aan die kruis. Hy het gekies om vir ons te sterf, met al ons sonde en al ons sonde wat ons nog gaan doen, omdat Hy verskriklik lief is vir ons. Sonder Jesus aan die kruis sal die meeste van ons verlore wees, maar God se liefde is so groot. Hy wil vir ons ’n kans gee om eendag by Hom in die hemel te kom woon en vir ons is dit net moontlik deur Jesus aan die kruis.
Paasfees stop gelukkig nie net by die kruis nie, maar ook by ’n oop graf, waar Jesus die dood, die sonde, oorwin vir ons sodat ons, as ons Hom kies, die Ewige Lewe saam met Hom kan hê. So, vat jou palmtakke en sing Hosanna, Hosanna, Prys Hom in die Hoogste Hemel, Hy wat was, wat is en sal wees en, ten spyte van ’n gevalle wêreld, alles vir ons ten goede laat meewerk.
Liezl Hiten

TJOKKIE OMGEE

Gewonder wat om met jou ou klere te maak....

Tjokkies samel klere in!

Enige grootte

Enige kleure

Warm of koud

Pak jul kaste reg en skenk van jou klere vir die mense wat nie het nie.

Jul het tyd tot 23 April om jul klere vir Juf. Ursula te bring.

BELANGRIKE DATUMS

1 April : Skool verdaag om 12:00
2 April : Goeie Vrydag
3 April : Juf. Ilne Cilliers (Gr. 3) trou en sal voortaan as Mev. Erasmus bekend staan.
5 April : Gesinsdag
8 April : Buitemuurs staak (behalwe netbalproewe op 12 en 13 April wat afgehandel moet word). Juf. Lize-Mari Oosthuizen (Sotho) verjaar – Baie geluk!

TOETSWEEK

Vind aangeheg by vandag se **WEEKBLAD** die toetsrooster vir die toetsweek wat op 15 April begin.

KLAS- EN INDIVIDUELE FOTO'S

Alle individuele foto's wat nog nie afgeneem is nie of uitstaande is, geskied op **8 April 2021.** Leerders wat afwesig was, word afgeneem in hul somersdrag.

KAALVOETKAFEE

REDENAARS

Gr. 6-wenners :

- 1ste plek - Juandré Rowe-Rowe
- 2de plek – Miené Spies
- 3de plek – Anika Wolmarans

Gr. 7-wenners :

- 1ste plek – Riva Joubert
- 2de plek – Lize Fourie
- 3de plek – Michelle J van Rensburg

Gr. 7 Engelse wenner :

- Miqnia Coetzee

Baie geluk aan die sprekers!

UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Baie dankie aan al ons Tjokkie-leerders wat teddies gebring het om ‘n ander maatjie te laat beter voel.

Baie dankie aan ons adverteerders tydens ons DigiTV-uitsending:

Supa Quick Bloemfontein
Plumbcorp
Aton
Mc Bridal
Gravity
Elna van der Walt Balletskool
Carlin Dans
Airborne Café
Thusano Funerals
Lhp Dental

SWEMKAMPIOENSKAP

Sterkte aan die volgende leerders wat die week van 6 – 11 April aan die SA Nasionale Swemkampioenskappe in Durban gaan deelneem:

Corli Liversage, Caileigh de Beer en Christoff Crous.

LIEF EN LEED

Baie geluk aan juf. Ané Otto (KS) met die geboorte van hulle eersteling – Adriaan.

Ons dink in besonder aan juf. Marika Els (Gr.2) wat se pa tans baie siek is. Ons vra u voorbidding vir haar en haar gesin.

UITSLAE

Baie geluk aan die volgende leerders met hul uitstekende UNISA-musiekuitslae:

Riva Joubert slaag haar Graad 2 praktiese eksamen met lof.

Die volgende teorie-uitslae word behaal:

Graad 1: Riva Joubert (lof)
Karla Nortje (eervolle vermelding)
Miené Spies (lof)

Graad 2: Ansje Bekker (lof)
Thiamé Hoffman (lof)
Lienka Stevens (lof)

TJOKKIE VAN DIE WEEK

Baie geluk aan die volgende leerders wat verkies is tot Tjokkie van die week. Daar is hierdie week slegs Tjokkies van die week in die Gronslagfase.

VOOR (v.l.n.r) :

SD Botha – Gr. 1
Nieke Smit – Gr. 1

AGTER (v.l.n.r) :

Lené Meyer – Gr. 2
Philip Schutte – Gr. 2
Lizé Hendriks – Gr. 3
Nathan Nel – Gr. 3

SNUFFELS